*“Jy weet wat aandele behels,*

*Maar wat moet jy as belegger nog weet......”*

# KAPITAAL MARKTE



## *Wat is die hoofwerksaamhede van die Afdeling: Kapitaalmarkte van die Raad op Finansiële Dienste (RFD)?*

Die Afdeling, Kapitaalmarkte van die RFD is ingevolge die "Financial Markets Act, 2012" (Wet No. 19 van 2012) (Wet op Finansiële Markte of "die Wet"), verantwoordelik vir toesighouding oor die gelisensieerde effektebeurs naamlikdie Johannesburgse Effektebeurs (JEB), die sentrale sekuriteitebewaarplek (Strate Beperk) en die verrekeningshuise Strate Beperk en die Safex Klaringsmaatskappy (Edms) Bpk (Safcom). Strate Beperk verreken ekwiteite en effekte, terwyl Safcom afgeleide instrumente verreken. Die beurs en die sentrale sekuriteitebewaarplek is markinfrastrukture wat as selfregulerende organisasies (SRO's) werksaam is. Hulle is ingevolge die Wet op Finansiële Markte verantwoordelik vir toesighouding oor hulle gemagtigde gebruikers, deelnemers en verrekeningslede, en moet seker maak dat lede aan hulle reëls en die bepalings van die Wet voldoen. Die Wet op Finansiële Markte stel 'n onafhanklike verrekeningshuis in staat om as 'n SRO te funksioneer wat verantwoordelik is vir toesig oor sy verrekeningslede.

## *Hoe moet jy te werk gaan om in aandele te belê wat op die effektebeurs genoteer is*

Die JEB-webtuiste meld die lidmaatskappye wat deur beleggers genader kan word om hulle met hul keuse van aandele by te staan. 'n Lidmaatskappy kan as 'n belegger se beleggingsbestuurder optree en op 'n diskresionêre grondslag namens die belegger aandele koop en verkoop; of die belegger kan sy of haar makelaar opdrag gee om aandele van die belegger se keuse te verhandel. Beleggers moet die aandele wat hulle oorweeg met aandag bestudeer voordat hy of sy 'n beleggingsbesluit neem. Hulle moet kyk na die finansiële geskiedenis en bestuur van die maatskappy, en of die maatskappy op die JEB genoteer is al dan nie.



Ongenoteerde maatskappye word tans nie in dieselfde mate as genoteerde maatskappye gereguleer nie; beleggers in ongenoteerde aandele het dus nie dieselfde regsbeskerming nie.

## *Hoe 'n belegger weet dat die person/maatskappy met wie hy of sy handel gelisensieer is om sekuriteite te verhandel*

Beleggers kan, ten opsigte van lidmaatskappye van die JEB, óf op die JEB se webtuiste óf by die JEB se maatskappysekret aris vasstel of 'n maatskappy 'n goedgekeurde lid van die JEB is al dan nie. Beleggers kan, ten opsigte van verskaffers van finansiële dienste, die RFD se Afdeling: Finansiële Advies- en Tussengangerdienste skakel om seker te maak dat die verskaffer van finansiële dienste deur die RFD gelisensieer is.

### *Wat behels 'n SRO en wat is die verhouding tussen die RFD en SRO's (die beurs, die sentrale sekuriteitebewaarplek en onafhanklike verrekeninghuise)?*

Die Wet op Finansiële Markte maak voorsiening dat markinfrastrukture soos 'n beurs, 'n sentrale sekuriteitebewaarplek en onafhanklike verrekeningshuise as SRO's gelisensieer moet word. Voordat hierdie markstrukture deur die RFD gelisensieer kan word, moet hulle die werksaamhede van 'n SRO verrig. Die Wet op Finansiële Markte sit die verantwoordelikhede van 'n SRO duidelik uiteen. Hierdie organisasies is ingevolge die Wet verantwoordelik vir toesig oor hulle lede en moet verseker dat hulle lede aan hulle reëls en die bepalings van die Wet voldoen. 'n SRO moet ook sy lede goedkeur.

### *Klagte aan te meld*

***Wat is die prosedure vir die indien van 'n beleggersklag oor die beurs, die sentrale sekuriteitebewaarplek, 'n onafhanklike verrekeningshuis of sy lede, of die amptenare en werknemers van lede?***

**JEB** beteken die Johannesburgse Effektebeurs;
**RFD** beteken die Raad op Finansiële Dienste;
**SAFCOM** beteken die Safex Klaringsmaatskappy (Edms) Bpk;
**SRO** beteken selfregulerende organisasie.

### *Wat is 'n beleggersklag?*

'n Beleggersklag word omskryf as 'n grief met betrekking tot die verskaffing van gereguleerde dienste (daardie dienste wat deur die beurs, die sentrale sekuriteitebewaarplek of onafhanklike verrekeningshuis gereguleer word) waarvolgens die belegger beweer dat hy of sy finansieel benadeel is of waarskynlik benadeel sal word omdat die lid of 'n amptenaar of 'n werknemer van die lid-

- 
- 'n instruksie van die belegger of enige ooreenkoms of mandaat wat met die lid aangegaan is, oortree het of versuim het om daaraan te voldoen;
- die Wet op Finansiële Markte en/of die reëls en direktiewe van die SRO oortree het of versuim het om daaraan te voldoen;
- oneerlik, agterlosig of roekeloos gehandel het; of
- die belegger onredelik of onbillik behandel het.

Buiten bogenoemde klagte teen lede of hulle amptenare of werknemers, kan beleggers ook klagte teen 'n SRO indien weens-

- nie-nakoming van sy regulatoriese verantwoordelikhede;
- optrede deur die SRO wat nie die oogmerke gemeld in artikel 2 van die Wet op Finansiële Markte bevorder nie; of
- sy oortreding van 'n bepaling van die Wet op Finansiële Markte.

***Beleggers moet die reëls van die beurs oor die vereistes en prosedures vir die indiening van klagte en geskille raadpleeg. 'n Afskrif daarvan is op die beurs se webtuiste verkrygbaar.***

## STAP 1: Dien die klag by die lid in

'n Beleggersklag teen 'n lid moet ooreenkomstig die betrokke lid se interne klaghanteringsprosedure ingedien en eers met die lid bespreek word. Die interne klaghanteringsprosedure van 'n lid maak voorsiening vir die ontvangs van beleggersklagte, die toepaslike ondersoek daarvan, 'n gepaste besluitnemingsproses om op die beleggersklagte te antwoord, kennisgewing van die besluit aan die belegger en die opteken van die klagte.

## STAP 2: Dien die klag by die SRO in

As 'n belegger ontevrede is met die skikking wat die lid voorstel of indien die klag nie bygelê kan word nie, kan die belegger die klag skriftelik by die betrokke SRO indien deur volle besonderhede van die betrokke aangeleentheid te verstrek. Die SRO moet poog om 'n skikking tussen die lid en die belegger te bewerkstellig.



## STAP 3: Dien die geskil in by 'n ombud wat deur die beurs aangewys is

As die SRO nie 'n skikking kan bewerkstellig nie, kan die SRO die klag tot 'n geskil verklaar (slegs van toepassing op die beurs). Indien die belegger kies om die geskilbeslegtingsproses te volg, en daar aan die vereistes voldoen word wat in die reëls van die beurs uiteengesit is, moet daar ooreenkomstig die SRO se geskilbeslegtingsreëls met die geskil gehandel word. Die geskil word dan aan 'n ombud oorhandig wat dit in oorweging neem. Die ombud word kragtens die geskilbe slegtingskema van die beurs, wat ingevolge die "Financial Services Ombud Schemes Act, 2004" (Wet No. 37 van 2004), 'n erkende skema is, behoorlik aange stel. Nadat die ombud 'n besluit geneem het, moet die partye binne een week daaraan voldoen.

Indien die SRO nie 'n erkende klagbeslegtingskema het nie, soos die geval is met die sentrale sekuriteitebewaarplek, kan die klaer die klag by die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste indien. Die klag moet verband hou met finansiële benadeling of skade weens 'n oortreding of 'n versuim om aan die bepalings van die Wet op Finansiële Markte te voldoen. Alle klagte moet skriftelik ingedien word, en vergesel word met stawende dokumente.

Die klaer moet bewyse aan die Ombud lewer dat hy of sy die klag probeer skik het. Dit kan 'n afskrif van die SRO of RFD se finale antwoord insluit, en die klaer se redes oor hoekom hy daarvan verskil.

## Prosedure vir die hantering van beleggersklagte teen SRO's of hulle amptenare of werknemers



**STAP 1: Dien die klag by die SRO in**

'n Beleggersklag teen 'n SRO moet skriftelik ingedien en eers met die tersaaklike SRO bespreek word. Die volle besonderhede van die klag moet aan die SRO verstrek word.

**STAP 2: Dien die klag by die RFD in**

As die klag nie deur die SRO bygelê kan word nie, kan die belegger die klag by die RFD se Afdeling: Kapitaalmarkte indien. Die RFD sal die klag met die tersaaklike SRO bespreek om seker te maak dat die SRO al die metodes tot sy beskikking om die klag by te lê, aangewend het.

### Vereistes vir indiening van beleggerklagte by die RFD

***Hoe moet beleggersklagte ingedien word?***

Beleggersklagte moet skriftelik ingedien word. Die rede hiervoor is om die agtergrond en die presiese redes vir die klag te bekom en die RFD in staat te stel om die klag met die betrokke SRO te bespreek.

### *Klagte kan soos volg ingedien word:*

- Vul die klagvorm in wat aanlyn op die RFD se webtuiste, www.fsb.co.za, beskikbaar is (indien beleggers nie die klagvorm kan aflaai nie, kan hulle die RFD se kliëntediens by 0800 110 443 of 0800 202 087 skakel om 'n afskrif te bekom); of
- Stuur 'n e-posboodskap aan die Regsbestuurder: Afdeling: Kapitaalmarkte, info@fsb.co.za; of
- Skryf 'n brief aan die Regsbestuurder: Afdeling: Kapitaalmarkte, Posbus 35655, Menlopark, Pretoria, 0102; of
- Stuur 'n faks: Vir aandag: die Regsbestuurder: Afdeling: Kapitaalmarkte, +27 12 347 1379.

### *Watter inligting word vereis?*

Klaers moet minstens die volgende inligting aan die RFD verstrek:

- die klaer se naam en van;
- sy kontakbesonderhede (ook die posadres, telefoonnommer, faksnommer en e-posadres);
- die volle besonderhede van die klag of grief;
- afskrifte van stawende dokumente;
- die naam van die SRO teen wie die klag gerig is;
- die besonderhede van die stappe deur die klaer geneem om die klag of grief by te lê;
- die uitkoms wat die klaer verlang.



### *Uitkoms van ondersoek gedoen om klag by te lê*

Die RFD moet die klaer skriftelik inlig van die uitkoms van die ondersoek wat uitgevoer is om die klag by te lê, asook redes verskaf vir sy besluit. Die kontakbesonderhede van die RFD, die SRO's en die Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste word vir die gerief van beleggers in die tabel hieronder gemeld.

## *kontakbesonderhede*

Raad op  Finansiële Dienste
Posbus 35655, Menlo Park, 0102
Riverwalk Office Park, Block B, 41 Matroosberg Road, Ashlea Gardens,
Extension 6,
Pretoria, 0181

Telefoonnommer: +27 12 428 8000
Faksnommer: +27 12 347 0221

Besoek die FDR se eerste verbruikersopvoedingswebtuiste;
www.mylifemymoney.co.za, vir riglyne oor hoe om met jou finansies te woeker.



**Ombud for Financial Services Providers**
Posbus 74571,
Lynwood Ridge,
0040

Eastwood Office Park, Baobab House,
Ground Floor,
Lynnwood Ridge,
0081
Telefoonnommer:+27 12 470 9080,
0860FAISOM / 0860 324 766
Faksnommer: +27 12 348 3447
info@faisombud.co.za
www.faisombud.co.za

**JSE Limited**
Private Bag X991174, Sandton, 2146
One Exchange Square, Gwen Lane,
Sandown
Telefoonnommer: +27 11 520 7000
Faksnommer: +27 11 520 8584
info@jse.co.za
www.jse.co.za

**Strate Limited**
Posbus 78608,
Sandton, 2196
1st Floor, 9 Flicker Road, Illovo Boulevard, Illovo, Sandton, 2146
Tel: +27 11 759 5300
Fax: +27 11 759 5500
info@strate.co.za
www.strate.co.za

**VRYWARING**

Hierdie boekie is die eiendom van die RFD. Toestemming vir kopiëring of gebruik moet skriftelik verkry word van die outeur: Afdeling: Verbruikersopvoeding, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102.
E-pos CED.consumer@fsb.co.za of
skakel 012 428 8000.

© 2013